Kaalkopkjint©

Bald Brave Beautiful

# VERSOEK OM ONDERSTEUNING VIR WÊRELD ALOPECIA-DAG

17 Junie 2026

**Geagte Skoolhoof, Personeel en Beheerliggaam**

Ons rig hierdie brief aan u met die opregte hoop dat u skool hierdie betekenisvolle gemeenskapsinisiatief sal ondersteun ter bevordering van bewustheid vir Wêreld Alopecia-dag, wat jaarliks op die eerste Saterdag van Augustus plaasvind. Aangesien dit op 'n naweek val, beoog ons om die dag reeds op Vrydag, 31 Julie 2026, by skole en besighede in ons gemeenskap waar te neem.

**Kaalkopkjint©** is 'n plaaslike bewusmakingsinisiatief wat ontstaan het uit ons dogter, Kqiara, se reis met Alopecia Universalis – 'n outo-immuun toestand wat totale haarverlies veroorsaak. Kqiara is tans 'n leerder van Laerskool Rustenburg en neem gereeld deel aan skool-, sport- en gemeenskapsaktiwiteite.

Hoewel Alopecia 'n sigbare toestand is, is dit nie aansteeklik nie en beperk dit nie 'n persoon se vermoëns nie. Tog bring dit dikwels uitdagings mee wat spruit uit onkunde, misverstande en soms selfs uitsluiting.

Ons missie is om bewustheid, begrip en aanvaarding van Alopecia binne ons gemeenskap te bevorder, sodat kinders soos Kqiara met selfvertroue kan deelneem aan skool-, sport- en gemeenskapsaktiwiteite sonder die ongemak van onnodige vrae, stigma of verwarring.

Ons droom is dat teen die tyd wat Kqiara eendag hoërskool toe gaan, Alopecia nie meer iets onbekends sal wees nie, maar iets wat deur die gemeenskap verstaan en aanvaar word. Deur reeds nou bewustheid te skep, help ons om 'n kultuur van empatie, respek en insluiting te vestig vir alle kinders wat anders lyk of unieke uitdagings ervaar.

Ons nooi u skool uit om saam met ons hierdie missie te ondersteun deur Wêreld Alopecia-dag op 31 Julie 2026 saam met ons te erken en te bevorder.

**Hoe kan skole ondersteun?**

• Leerders en personeel toe te laat om blou klere of blou bykomstighede te dra as teken van ondersteuning en bewustheid.

• Bewusmakingsplasings op die skool se sosiale media-platforms te deel.

• Inligting oor Wêreld Alopecia-dag deur die skool se ouerkommunikasiekanale te versprei.

• ’n Kort bewusmakingsboodskap tydens saalopening, registerperiode of klasbespreking te deel.

**Voorgestelde Tydlyn**

**Junie 2026**

• Skole bevestig of hulle die inisiatief sal ondersteun.

• Toestemming word verkry om deelnemende skole se logo’s op bewusmakingsmateriaal en dankie-boodskappe te gebruik.

**Julie 2026**

• Kaalkopkjint begin die bewusmakingsveldtog op sosiale media.

• Elektroniese bewusmakingsmateriaal word aan deelnemende skole beskikbaar gestel.

• Skole word aangemoedig om bewusmakingsplasings te deel.

• Inligting kan deur skool- en ouerkommunikasiekanale versprei word.

• Bewustheid oor Alopecia word binne die skoolgemeenskap bevorder.

**31 Julie 2026 – Wêreld Alopecia-dag**

• Leerders en personeel dra blou klere of blou bykomstighede.

• Foto’s van die dag word op sosiale media gedeel om bewustheid verder te versprei.

**Augustus 2026**

• Kaalkopkjint sal deelnemende skole op sosiale media bedank en erken vir hul ondersteuning.

• Hoogtepunte van die bewusmakingsveldtog sal gedeel word.

Ons sal dit opreg waardeer indien u ons kan laat weet of u skool bereid sal wees om hierdie inisiatief te ondersteun. Met u toestemming sal ons ook graag u skool se logo op ons elektroniese bewusmakingsmateriaal, sosiale media-plasings en dankie-boodskappe wil insluit as erkenning van u ondersteuning van hierdie gemeenskapsprojek.

Saam kan ons 'n gemeenskap bou waar kinders geleer word om verskille te verstaan, empatie te toon en mekaar onvoorwaardelik te aanvaar.

Baie dankie vir u tyd, oorweging en moontlike ondersteuning van hierdie saak. Ons sien uit daarna om van u te hoor en saam 'n blywende verskil in ons gemeenskap te maak.

**Vriendelike groete**

Theresa Russell

Kaalkopkjint® – Bald • Brave • Beautiful

📞 079 876 7562

📧 kaalkopkjint@gmail.com

🌐 www.kaalkopkjint.com